BenguFarm™

ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE

BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS

Nuusbrief 1/2020

30 Mei 2020

In hierdie Nuusbrief:

- **Nuwe opgradering beskikbaar**
- **Wat is nuut in die 20 Mei 2020 BenguFarm opgradering?**
- **Opleidingskursusse**
- **Nuwe handleidings beskikbaar**

Om vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

Nuwe Opgradering

Ons is opgewonde oor die nuwe funksies en verslae wat onlangs ontwikkel is. Sien Wat is Nuut? hieronder vir meer inligting.

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v20 Mei 2020) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies en verslae in BenguFarm kan gebruik en sodoende die meeste waarde uit jou program kan kry.

- **Indien jou BenguFarm-weergawe tans v16 Jul 2018 of later is** (die weergawe datum word bo-aan die BenguFarm hoofskerm vertoon), kan jy BenguFarm opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm. Gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na Lêer > Opgradeer vanaf web en volg die instruksies.
- **Indien jou BenguFarm-weergawe nog *vóór* v16 Jul 2018 is, kontak jou BenguFarm agent vir hulp om die nuutste weergawe te installeer.**

Wat is nuut in die 20 Mei 2020 opgradering?

All modules:

- **BELANGRIK:** Siekte toetse funksie bygevoeg:
  - Gesondheid > Siekte Toetse skerm bygevoeg vir toetse vir siektes aanteken, verander en verwyder.
  - Hoofskerm > Dier Uitleg > Inentings, Dosrings *en Siekte Toetse* bygevoeg.
  - Verslae > Siektes, Voorkoming en Behandeling > Siekte Toetse bygevoeg.
- **BELANGRIK:** Sinchronisasie (van ovulasie) funksie bygevoeg:
  - Opstellings > Kuddes > Dekkings, Dragtigheid en Kalwing / Lamming > Sinchronisasie: # Dae van insit tot 1ste spuit; 1ste tot 2de spuit; 2de spuit tot uithaal; uithaal tot KI/lapa.
  - Reproduksie > Sinchronisasie skerm bygevoeg vir sinchronisasies aanteken, verander en verwyder.
  - Hoofskerm > Dier Uitleg > Dek- en Dragtigheidsgeskiedenis: Afdeling vir Sinchronisasie bygevoeg (opsioneel).
  - Hoofskerm > Kudde Uitleg: Sinchronisasie afdeling bygevoeg.

    - Vertoon > Verander Items wat Vertoon word in Program: Kan sinchronisasie aantekenskerm en verslag afskakel.
    - Verslae > Dekkings, Dragtigheide... > Sinchronisasie: Verslag om sinchronisasies te sien asook datums vir volgende aksies (bv. uithaal) vertoon. Aksies reeds gedoen = normale font; wat nog gedoen moet word = **bold**; wat reeds gedoen moes wees (datum reeds verby) = **Rooi + Bold**
- Natuurlike Dekkings asook KI / Lapa skerms: Koppel Diere aan 'n Groep funksie bygevoeg.
- KI / Lapa skerm: Veld bygevoeg om Semen Tipe aan te teken.
- Dekbare Verse en Koeie / Jong Ooie en Ooie verslag:
    - Algemene kriterium om diere in 'n Spesifieke Bestuursgroep te kan kies bygevoeg.
    - Die koei / ooi se huidige kalf / lam se IDno word nou gedruk op die verslag onder die laaste kalfdatum.
- Dragtigheidsondersoeke skerm: Veld bygevoeg om Koste per Dier aan te teken.
- Kalwing / Lamming skerm: Indien dragtigheid gedoen is en aantal fetusse aangeteken is, sal die Aantal Kalwers veld by verstek die aantal fetusse by dragtigheid aandui.
- RFID Experts APR500 / 600 Leser skerm > Verander APR Take: Prosedures taak bygevoeg.
- RFID Experts APR500 / 600 data intrek: Opsie bygevoeg om diere te kies en aan 'n groep of kamp te koppel
- XR5000 Integrasie: Kan eienskappe (bv. kondisie punt) koppel aan skaalvelde.
- Inentings en Doserings aantekeningslys verslag: Opsie "Druk Ent/Dossermiddel Dosis" bygevoeg.
- Entstowwe asook Medisyne Voorraad skerms: Veld "Dosis Basis" bygevoeg met opsies Per Dier of Per Kg Gewig.
- Inentings en Behandelings: Koste word outomaties bereken indien besendingnommer ingevul is. Indien nie ingevul nie, sal laaste aangekoopte besing se eenheidsprys gebruik word.
- Voerkraalbestuurder skerm: Veld bygevoeg om Ent/Doseer Teen aan te teken.
- Gewigte en Eienskappe nie Gekoppel aan 'n Toets nie skerm > Eienskappe: Opmerkings veld bygevoeg.
- Reënval skerm: Opmerkings veld bygevoeg.

BEEF module:

- Geen nuwe vleisbees-spesifieke funksies nie.

SHEEP & GOATS module:

- Gewigte vir Prestasietoetsing > Die verstek Grootmaakstatus kan per hand verander word, indien nodig.

MOBILE toepassing:

- **BELANGRIK:** Siekte toetse kan aangeteken word (Disease Test taak) en opgekyk word (Animal View > Health).
- **BELANGRIK:** Sinchronisasie (van ovulasie) data kan aangeteken word.
- **BELANGRIK:** Reënval kan nou op app aangeteken word.
- Op die Gewigte aantekenskerm kan die vorige gewig en GDT vanaf vorige gewig *vertoon* word.
- Afdeling veld bygevoeg op Algemeen opkykskerm.
- Dragtigheidsondersoek invoerskerm verbeter.

GAME module:

- Hoofskerm > Kudde Uitleg > Vertoon Opsies: Kan nou Bloedlyn (Mitochondries en Nukluêr) vertoon.
- Opstellings > Eienskappe per Spesie: "Chevron" bygevoeg vir Livingstone elande (Opsies: Prominent, Lig, Geen). Kan opkyk op hoofskerm by Eienskappe, kies op My Verslae, ens.

Opleidingskursusse

Ken jy en jou personeel die BenguFarm program goed genoeg om dit ten volle te benut vir algemene bestuur, seleksie, teling en bemarking? Indien nie, oorweeg dit dan om een van die volgende BenguFarm opleidingskursusse by te woon:

BEEF module:

- Inleidende kursus 28-29 Julie 2020, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 30-31 Julie 2020, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 18-19 Augustus 2020, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 20-21 Augustus 2020, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.

SHEEP & GOATS module:

- Inleidende kursus 7-8 Julie 2020, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 9-10 Julie 2020, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 4-5 Augustus 2020, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 6-7 Augustus 2020, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.

GAME module:

- Datums sal later bekend gemaak word.

Indien jy belang stel om een van hierdie kursusse self by te woon of van jou personeellede te stuur, kontak Mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of stuur 'n epos na bengufarm@gmail.com en dui aan in watter kursus jy belang stel. Hy sal dan vir jou die betrokke kursus se besprekingsvorm met al die besonderhede van die kursus stuur. Die besprekingsvorms is ook beskikbaar by www.bengufarm.co.za > Training.

Nuwe handleidings

Die handleidings van die BEEF, SHEEP & GOATS, GAME modules en die and MOBILE toepassing is opgedateer om al die nuwe en verbeterde funksionaliteite en verslae in te sluit. Om die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm handleiding af te laai, gaan in BenguFarm op die hoofskerm na Hulp > Afrikaanse/Engelse Handleiding OF gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

oooOOOooo